

FILOSOFIE EN GESKIEDENIS

P S Dreyer

Universiteit van Pretoria

Hierdie artikel het die bedoeling om die historikus bewus te maak van die betekenis van die wysbegeerte vir die beoefening van die geskiedenis-as-wetenskap. Die artikel beweeg dus op die vlak wat deesdae graag interdisziplinêr genoem word en het 'n meer praktiese as teoretiese wetenskaplike doel. As agtergrond van hierdie artikel verwys ek na die uitstekende en goed gedokumenteerde artikel van B J Liebenberg: "Geskiedenis en Filosofie" in *Historia* van Mei 1983. Verskille tussen my beskouing en dié van Liebenberg in die genoemde artikel is aksentverskille en nie wesenlik van aard nie. My artikel is ook bedoel om as aanvulling vir die artikel van Liebenberg te dien.

Uiteraard benader ek die verhouding tussen filosofie en geskiedenis vanuit die filosofie, omdat dit my vakgebied is. Daarteen kan historici miskien beswaar maak, omdat die gevaar van dwang op beide die geskiedenis-as-wetenskap en die geskiedenis-as-verlede-werklikheid daarin opgesluit lê. Die geskiedenis het immers baie voorbeelde hiervan opgelewer, die belangrikste waarvan Hegel is. Teen so 'n dwang kom die historikus met reg in opstand, omdat dit die eie aard en die goeie reg van die geskiedenis as wetenskap in eie reg en met 'n lang tradisie aantast.

Hoewel ek hier met die verhouding tussen wysbegeerte en geskiedenis besig is, moet ek daarop wys dat hierdie gevaar van dwang oral bestaan waar ons ons op die tussengebied tussen twee wetenskappe beweeg. Wat die geskiedenis-as-wetenskap betref, het so 'n dwang reeds gekom van die ekonomie, sosiologie, filosofie, biologie (bv evolusionisme) en so meer. In die wysbegeerte praat ons in sulke gevalle van 'n sciëntisme. Ons verstaan daaronder die verabsoluttering van 'n bepaalde vak of vakgebied of teorie ten koste van die ander. So 'n verabsoluttering impliseer altyd 'n reduksie, wat werk met die formule van niks-anders-nie-as ... Die groot Trek is byvoorbeeld niks anders nie as die resultaat van sosiale spanninge of ekonomiese kragte of natuurlike ontwikkeling en so meer. Die resultaat van so 'n verabsoluttering is altyd 'n -isme, bv. 'n psigologisme, evolusionisme, ens.

Met hierdie oorwegings in gedagte, sou dit die ideaal wees dat iemand wat hom op die tussenwetenskaplike gebied waag, ewe bedrewe in elkeen van die betrokke wetenskappe moet wees. Dit is egter 'n ideaal wat selde of ooit bereik word. As gevolg hiervan staan baie historici negatief teenoor ander wetenskappe, in besonder die wysbegeerte.

Hoewel 'n mens begrip vir hierdie negativering kan hê en hoewel jy elke -isme as onwetenskaplik moet verwerp, is dit die houding van die tradisionele volstruis as die historikus net met sy eie wetenskap aangaan en nie wil kyk of enige ander wetenskap vir hom van betekenis is nie. Per slot van rekening is al die geesteswetenskappe tot op 'n groot hoogte in mekaar gevleg en kan daar oor en weer van mekaar se metodes en resultate gebruik gemaak word.

Dat die historikus meer afwysend teenoor wysbegeerte as teenoor enige ander wetenskap staan, is 'n feit en ook begryplik. Dit is te verstane vanuit die feit dat die wysbegeerte die grondwetenskap is wat met elke ander wetenskap, in besonder met elke geesteswetenskap, te doene het. Dit is veral die geval ten opsigte van die kennisleer (wat metodologie en wetenskapsleer insluit), waar die basiese beginsels van logiese geldigheid, waarheid en wetenskaplikheid as sodanig die objek van studie is en daarom

van fundamentele belang vir elke wetenskap is. Uiteraard probeer die wysbegeerte ook tot die wortel van die syn en die waarheid deurdring en dit het wesenlik te doene met lewensopvatting en wêreldbeskouing, wat fundamenteel die (meesal vanselfsprekende) gesigshoek bepaal, waarvandaan wetenskaplikes hulle studieveld benader. Omdat die wysbegeerte op hierdie wyse aan die een kant van fundamentele, aan die ander kant van oorkoepelende belang is, werk dit op sommige mense irriterend. Hulle voel die wysbegeerte aan as aanmatigend, so asof hulle filosofe moet wees voor hulle historici kan wees. En laat ons maar eerlik wees: In die verlede was daar dikwels sulke aanmatigende filosofe. Prof H G Viljoen, vroeëre professor in Grieks aan die Universiteit van Pretoria, het op 'n keer in die klas gesê dat 'n mens nie eers 'n ordentlike skryfwerker kan wees as jy nie Grieks ken nie. Baie filosofe dink dit van wysbegeerte. Maar as ons eerlik is, moet ons erken dat die meeste wetenskaplikes dit in verband met hulle eie wetenskap dink.

Dit is hierdie houding wat op 'n sciëntisme uitloop. Ons moet dit afkeur, omdat elke wetenskap sy eie studieveld het en in sy eie reg as wetenskap bestaan. Waar die wysbegeerte dan in die veld van 'n ander wetenskap in beweging — in ons geval die veld van die geskiedenis —, mag die wysbegeerte dit nie doen om 'n oorheersende rol te speel nie, maar slegs om die rol van *ancilla historiae* te speel. In wat hier volg, wil ek 'n paar van die belangrikste terreine aanwys waar die wysbegeerte juis hierdie rol kan speel.

1. Gesien vanuit die wysbegeerte, lyk dit vir my nog steeds die beste om te onderskei tussen drie gebiede van die filosofie van die geskiedenis, naamlik ontologie, kenteorie en metafisika van die geskiedenis. Daar is 'n fundamentele verskil tussen ontologie en kenteorie aan die een kant en metafisika aan die ander kant. In die ontologie en kenteorie van die geskiedenis is die wysgeer besig met die geskiedenis-as-wetenskap. Die primêre vraag is: *Waarmee is die historikus besig, hoe doen hy dit en wat is die aard van sy resultate?* In die metafisika van die geskiedenis (of soos sommiges dit noem: die spekulatiewe filosofie van die geskiedenis) is die filosoof nie met die geskiedenis-as-wetenskap besig nie, maar met die geskiedenis-as-verlede. Die filosoof gebruik die resultate van die historikus in die sin dat die filosoof nie self navorsing oor die verlede gaan doen nie (of altans in vergelyking met die historikus dit maar in geringe mate doen), maar gebruik maak van wat die historikus aangaande die verlede vertel.

Oor elk van hierdie terreine wil ek iets meer sê.

2. Die ontologie (die *logos* = kunde aangaande die *oon*, *ontos* = dit wat is) van die geskiedenis se primêre vraag is: *Wat is die werklikheid waarmee die geskiedenis-as-wetenskap hom besig hou?* Die vanselfsprekende antwoord van historici op hierdie vraag is dat die mens die voorwerp van studie van die geskiedenis-as-wetenskap is. H G Wells reken die natuurgebeure egter in as voorwerp van historiese studie, terwyl die term "natural history" sedert Sir Francis Bacon (1561–1626) deel van die Engelse wetenskaplike woordeskat is. Op grond waarvan verwerp die historikus hierdie standpunt en beperk hom tot die geskiedenis van die mens? Dikwels word gesê dat die historikus nie belangstel in die onveranderlike nie, maar in gebeurtenisse en daardie gebeurtenisse wat verandering te weeg bring, is belangrik. Ons kan nou die voorbeeld neem van die runderpes in Transvaal: Dit was 'n baie belangrike gebeurtenis want dit het groot invloed op die lewe van mense uitgeoefen. Maar geen historikus is geïnteresseer in die proses van die siekte en watter invloed dit op diere gehad het nie, behalwe dat die beeste gevrek het. Hoekom nie? Dan is die historikus weer geïnteresseer in die werk van Arnold Theiler, maar nie in presies hoe sy entstof werk

nie, behalwe dat dit mense se beeste beveilig teen runderpes. Hoekom? Die historikus gee hierop 'n intuïtiewe antwoord, maar kan hy dit rasioneel regverdig? As hy dit nie rasioneel kan regverdig nie, het hy 'n vaste leidraad ten opsigte van wat ingesluit en wat uitgesluit moet word?

Dit is ook nie net van belang om te weet dat die mens die voorwerp van studie van die geskiedenis-as-wetenskap is nie. Nog belangriker is die mensbeeld, met ander woorde wat is die aard van hierdie mens? Is hy 'n bewuste, willend-waarderende wese wat gehoorsaam aan waardes en norme doelbewus op sy eie lewe en op sy wêreld veranderend ingryp, of is hy maar nog een element in die meganiese proses van oorsaak en gevolg?

En as ons nou met hierdie mens werk soos hy soms duisende jare gelede geleef het, op grond waarvan kan ek hom verstaan? Die historikus skryf oor hierdie mense asof hulle mense soos die historikus self is — hulle wil, voel, bedoel, ens., nes ons. Is dit reg? Op grond waarvan kan die historikus dit aanvaar? Klaarblyklik is die fundamentele onveranderlikheid van die mens die aanname waarop die historikus bou. Is hierdie aanname korrek?

Die laaste punt wat ek in hierdie verband wil ophaal, is die gebruik van hierdie kennis. Die historikus werk klaarblyklik intuïtief met 'n bepaalde mensbeeld. Kan die historikus hierdie kennis bewus en rasioneel gebruik, byvoorbeeld om gapings in beskikbare getuie te oorbrug? Of omgekeerd: Waarvan gee dit blyke as die historikus vergelykings tref, byvoorbeeld 'n vergelyking tussen ons Groot Trek en die Amerikaanse trek na die Weste toe? Ons kan die groei van 'n melieplant in Suid-Afrika en in Amerika met mekaar vergelyk, omdat ons hier met 'n meganiese natuurproses te doene het. Wat is die mensbeeld waarmee ons werk wanneer ons historiese gebeurtenisse met mekaar vergelyk?

3. 'n Baie belangrike bydrae tot die geskiedenis-as-wetenskap kan kom van die kant van die kennisleer. Hierdie terrein val in drie hoofde uiteen.

3.1 Die kennisleer in engere sin het met die waarheidsvraag te doen. 'n Fout wat die nie-filosoof dikwels maak, is om te dink dat waarheid net een betekenis het, of, anders gestel, oral en altyd van dieselfde aard is. 'n Oomblik se nadenke sal egter toon dat dit nie die geval is nie. Matematiese waarhede (bv $a \times a = a^2$), Bybelse waarhede (bv God het hemel en aarde geskep), historiese waarhede (bv Jan van Riebeeck het op 6 April 1652 aan wal gegaan) is radikaal van mekaar verskillend, maar almal waar.

Hiermee gaan die vraag na die norm van waarheid saam. Wat bepaal of iets matematies of Bybels waar is?

In hierdie verband is dit dan 'n belangrike probleem om die historiese begrip van waarheid vas te stel. Hiermee gaan die probleem van die waarheidsnorm saam. 'n Kernoorweging moet die tydsperspektief van geskiedenis-as-wetenskap wees, naamlik die feit dat die historikus oor 'n korter of langer periode terugkyk, dat die objek van sy studie (die mense van die verlede) nie meer daar is nie, dat die objek van sy studie altyd indirek (langs die weg van dokumente en monumente) bereik moet word en so meer. Dit is wesenlik van die geskiedenis-as-wetenskap en daarom ook vir die waarheidsnorm wat gebruik word. Tradisioneel bestaan daar twee waarheidsnorme: Korrespondensie vereis die ooreenstemming van 'n denkbeeld (en die proposisie wat dit uitdruk) met die objek waarop dit betrekking het. Koherensie as waarheidsnorm bepaal dat die waarheid van 'n proposisie op die waarheid van 'n ander proposisie berus, sodat waarheid 'n kwessie van die samehang binne 'n groter geheel is.

3.2 As die historikus 'n uitspraak maak (bv Jan van Riebeeck het op 6 April 1652 aan wal gegaan; die Groot Trek was 'n belangrike gebeurtenis; pres. Kruger is nie oorlede op 18 Junie 1914 nie, ens) en aanspraak daarop maak dat sy uitspraak waar is, waarop berus die aanspraak en volgens watter norm geld dit?

Dit is tog ook voor die hand liggend dat oorwegings van hierdie aard invloed moet hê op die manier waarop die historikus sy navorsing doen en sy resultate aanbied.

3.3 Gewoonlik is mense geneig om te dink dat die formele logika vir die geskiedenis-as-wetenskap van minder belang is.

Sonder om hierby breedvoerig stil te staan, wil ek op die volgende wys:

Die formele logika het nie met die inhoudelike waarheid of valsheid van 'n uitspraak te doen nie, maar met die geldigheid of logiese steekhoudendheid van ons redenasies. Inhoudelik kan alles wat ons sê waar wees, terwyl ons redenasie ongeldig is. Byvoorbeeld:

As dit reën, is dit nat

Dit is nat (waar: die grond is nat).

Dus dit het gereën (waar: dit het gereën)

Maar dit is 'n ongeldige redenasie, omdat ek nie uit die feit dat dit nat is, kan aflei dat dit gereën het nie (die grond kan om 'n ander rede nat wees).

Daar is nog tientalle ander van die logiese strukke waarin 'n mens baie maklik beland.

Daar is ook 'n logiese taal waaraan 'n mens aandag moet gee. Woorde soos omdat, daarom, dus, gevolglik, dit wil sê, ens., is woorde wat verbande lê en verhoudinge uitdruk. Sulke woorde het net betekenis indien hulle uitdruk wat die verhoudinge inderdaad is en as hulle hierdie verhoudinge nie uitdruk nie, word die hele werk grootliks betekenisloos.

Laastens wil ek in hierdie verband daarop wys dat ons mondelings of skriftelik van ons werk verslag doen, maar dat hierdie verslag in 'n bepaalde vorm gegiet word. Soms is die aard van ons ondersoek sodanig dat ons bloot 'n kroniek skryf, d w s 'n lys feite sonder dat daar 'n verband tussen die feite hoef te wees. Dan kan ons byvoorbeeld 'n kronologiese orde handhaaf deur die feite te rangskik volgens die tydsorde waarop hulle betrekking het of volgens die tydsorde waarin ons hulle gevind het. Ons moet egter besef dat elke ordening 'n logiese ordening is. 'n Logiese ordening is 'n ordening waar ons op rasonale gronde ons uitsprake met mekaar laat saamhang. Hierdie rasonale gronde kan verskillend wees, byvoorbeeld 'n samehang van begroning en afleiding (bv Alle honde is vleisetters; bokkers is honde, daarom is bokkers vleisetters) wat weer variasies kan toon (bv bokkers is vleisetters, want bokkers is honde en alle honde is vleisetters); dit kan ook 'n samehang van chronologiese volgorde wees; en so meer. Belangrik is dat ons besef dat dit 'n logiese orde is, d w s 'n rasonale orde wat ons in die materiaal aanbring en dat ons daardie orde konsekwent enduit moet deurvoer, as ons nie in betekenisloosheid wil verval nie.

3.3 Die wetenskapsleer konfronteer die historikus met 'n aantal probleme waarop hy antwoorde moet vind:

3.3.1 In alle wetenskaplike werk gaan dit altyd om kennis. Alle kennis is egter nie wetenskaplike kennis nie en wetenskaplike kennis is nog geen wetenskap nie.

Watter besondere vereistes stel ons dan aan kennis voordat dit kan geld as weten-

skaplike kennis? Wat is die samehang van hierdie kennis wat dit moontlik maak om van wetenskap te kan praat? In hierdie verband is daar altyd sprake van gefundeerde kennis en kennis wat volgens bepaalde, geykte metodes verkry is. Is daar een of meer maniere van fundering, een of meer metodes en wat bepaal dat ons hierdie en nie daardie fundering en metode gebruik nie?

In die vraag na die wetenskap is daar ook gewoonlik sprake van 'n wetenskaplike houding. Wat verstaan ons onder subjektiwiteit en objektiwiteit? Intersubjektiwiteit? Subjektivisme en objektivisme? Verskil dit van een wetenskap na 'n ander?

Hieruit kom die verskeidenheid van soorte wetenskap te voorskyn. Wat is die ooreenkomste en wat die verskille tussen die wetenskappe? Op grond waarvan klassifiseer ons wetenskappe saam of stel ons hulle teenoor mekaar?

En uiteindelik gaan hiermee die kwessie van wetenskaplike tale en hulle bruikbaarheid, al dan nie, saam.

3.2.2 Daar is wetenskapsfilosowe wat meen dat die hele vraag na wetenskap en wetenskaplikheid neerkom op die vraag na die wetenskaplike metode. Die woord "metode" het vir verskillende mense verskillende betekenisse. As ons nou van die breë struktuur van wetenskaplike prosedure praat, kan ons die volgende onderskei, wat elkeen weer 'n breë spektrum van interpretasie toelaat:

- Probleembewussyn — die bewussyn van 'n gebrek of gaping in ons kennis wat maak dat 'n bepaalde verskynsel of samehang van gegewens nie bevredigend begryp of verklaar kan word nie. Hieruit volg:
- Probleemstelling, wat met die loop van die ondersoek herhaaldelik herformuleer kan word.
- Hipotese, die vermoede, gegrond op die beskikbare kennis en die ervaring van die wetenskaplike, wat die oplossing van die probleem sal wees.
 - Versameling van gegewens.
 - Deduksie uit beskikbare gegewens.
 - Korrelasie van gegewens.
 - Bevestiging, ontkenning of modifikasie van die hipotese.
 - Teorievorming.
 - Verifikasie en valsifikasie.

3.3.3 Binne hierdie hele verband moet die geskiedenis-as-wetenskap sy eie plek vind. Hy moet sy eie besondere karakter as wetenskap vind. Daar word maklik gesê dat die geskiedenis 'n geesteswetenskap is. Op grond waarvan sê ons dit? Wat is die konsekwensies ten opsigte van die objek van ondersoek, metode, aanbidding, ens., van hierdie stelling? Wat onderskei die geskiedenis-as-wetenskap van ander wetenskappe?

Die antwoorde op hierdie vrae bepaal die plek van geskiedenis-as-wetenskap binne die *universitas scientiarum*.

Daar is mense wat sê dat dit hoegenaamd nie belangrik is nie. Carr, wat nie so dink nie, druk hierdie houding humoristies uit wanneer hy skryf: "When I was very young, I was suitably impressed to learn that, appearances notwithstanding, the whale is not a fish. Nowadays these questions of classification move me less; and it does not worry me unduly when I am assured that history is not a science". (*What is history?* Pelican Books A652, p. 56). Die belangrikheid — soos Carr goed weet — lê nie in die

klassifikasie nie. 'n Begrip van die besondere aard van die geskiedenis-as-wetenskap gee die historikus 'n skerp kritiese instrument in die hand, waarmee hy met selfvertroue teorieë vanuit ander vakgebiede of 'n ander geesteklimaat (dink byvoorbeeld aan Hegel, Nagel, Hempel en talle ander) kan hanteer, verwerp, aanvaar of vir sy eie gebruik modifiseer. Dit stel hom ook in staat om krities na sy eie wetenskap te kyk — nie na die inhoud, d w s die geskiedenis-as-verlede nie, maar na die wetenskap wat hierdie inhoud hanteer. Uit hierdie kritiese bekyk kom die vernuwung van elke wetenskap.

4. Die metafisika van die geskiedenis (of soos Walsh dit noem: die “speculative philosophy of history”, 'n term waarvan ek nie hou nie) is heeltemaal verskillend van die ontologie en kennisleer van die geskiedenis in die opsig dat hy nie die geskiedenis-as-wetenskap tot objek het nie, maar die geskiedenis-as-verlede. Uit die geskiedenis-as-verlede — die hele totaliteit van die geskiedenis — maak die metafisikus 'n projeksie van die toekoms, sodat hy probeer om die ganse loop van die mensdom, van begin tot einde, in een geheel saam te vat. Hiermee het hy 'n bepaalde doel, naamlik om vas te stel wat die sin van die geskiedenis is. Met “sin” bedoel ek hier meer as die betekenis van 'n bepaalde gebeurtenis (bv die Groot Trek of die dood van dr Verwoerd). Die metafisikus probeer die allesomvattende sin vasstel — die sin waaraan alle onderdele van die geskiedenis 'n deel het. Deur dit te doen, bevredig die metafisikus die diepste behoefte van die menslike gemoed, naamlik die behoefte om te weet dat sy lewe nie maar net kom en gaan nie, maar dat dit waarde en sin het — selfs ewigheidsbetekenis het — omdat dit in 'n kosmiese sinvolheid ingesluit is.

Die huidige tendens is om hierdie werk as geheel en al onwetenskaplik en daarom betekenisloos te beskou.

Dat dit onwetenskaplik is, gee ek toe, maar nie dat dit betekenisloos is nie.

Collingwood en baie ander het reeds aangetoon dat volslae objektiwiteit in die geskiedskrywing onmoontlik is. Die sogenaamde “scissors and paste” benadering gaan nie op nie. 'n Volslae positivisme wat net feite wil meedeel, is 'n kroniek. Geskiedskrywing is nie net 'n opnoem van feite nie, maar ook interpretasie. Interpretasie beteken dat die historikus sê wat die bepaalde gegewens waarmee hy besig is, beteken. Dit is so dat die politieke betekenis die een keer, die ekonomiese betekenis 'n ander keer, dan weer die kerklike betekenis op die voorgrond staan. 'n Mens kan egter nie met kontradiktoriese sienswyses vrede vind nie. 'n Mens kan byvoorbeeld nie 'n ateïs wees as jy met die politiek besig is en 'n gelowige Christen as jy met die Kerk besig is nie. 'n Lewensopvatting en wêreldbeskouing is die diepste oortuigings waarvandaan jy jouself, jou lewe en wêreld sien en dit bring 'n eenheid in jou beskouing, al is dit nie 'n sistematies uitgewerkte eenheid nie. 'n Mens se beskouing is soos 'n druiwetros: Elke korrel vorm 'n eenheid op sy eie, maar is aan al die ander verbind, sodat die korrels aan dieselfde tros almal van een soort is. 'n Mens kry nie hanepootkorrels aan 'n kristaltros nie. Dit is hierdie diepste eenheid wat maak dat ons van 'n materialistiese, idealistiese, pessimistiese, optimistiese, Hegeliaanse, Marxistiese, Christelike geskiedbeskouing kan praat. Dit is juis dit wat in die metafisika van die geskiedenis te voorskyn tree. Hierdie diepste oortuigings van die historikus werk mee aan hoe hy die geskiedenis sien, waarna hy soek, hoe hy die waarde van verskillende faktore in verhouding tot mekaar waardeer, en so meer. En dit is belangrik vir die geskiedskrywing.

Ter afsluiting: Die mens het 'n natuurlike, intuïtiewe logika, sodat 'n mens nie net logies kan redeneer wanneer jy logika bestudeer het nie. Verder word 'n mens eers 'n historikus, dit wil sê 'n beoefenaar van die geskiedenis-as-wetenskap, na 'n lang skoling deur ander historici. In die loop van hierdie skoling leer 'n mens die cliché's en die

reseppe aan. Die man wat egter die waarom- en hoe-vraag rasideel kan beantwoord, werk met groter selfvertroue en sekerheid en hy is in staat tot groter objektiwiteit en oorspronklikheid. Hy wen aan wetenskaplike kwaliteit.